Eksodus beteken “uittog”. Die boek handel oor die nageslag van Abraham wat in Egipte ‘n groot volk geraak het. Hulle raak ‘n bedreiging vir Farao en hy maak van hulle slawe wat groot stede vir hom moet bou en in die proses baie hard werk en mishandel word. Moses, wat in die paleis groot word, leef met ‘n dubbele identiteit – hy het die vooregte van ‘n koninklike lewe, maar dit is sý mense wat mishandel word. Op ‘n dag sien hy weer hoe die Egiptenare sy mense dryf en mishandel – hy verloor sy humeur en slaan ‘n Egiptenaar dood. Hy besef hulle het hom gesien en vlug dan die woestyn in. Eks 3 is Moses se roepingsverhaal om terug te keer Egipte toe om sy volk te gaan red. In hierdie teks stel God Hom op verskillende maniere aan Moses bekend:

- Die berg van God (waarlangs hy en die volk later weer sal kom en hulle God hier aanbid wanneer Moses die 10-gebooie ontvang).
- ‘n Engel wat uit ‘n brandende bos met Moses praat.
- As die God van Abraham, Isak en Jakob – en al die geloofstories wat hieragter lê.

Hierdie ontmoeting is oorweldigend, wat Moses sy gesig laat toemaak uit vrees dat hy sal sterf. Dan maak God Hom verder bekend. Hy is nader as wat Moses gedink het.

7 Die Here sê toe: “Ek het die ellende van my volk wat in Egipte is, duidelik gesien. Hulle noodkreet oor hulle slawedrywers het Ek gehoor. Ja, Ek ken hulle lyding. 8Ek het afgekom om hulle uit die hand van Egipte te red...

Dan is daar ‘n **spoedhobbel** in die teks in v 9. *En nou, **kyk**...*Daardie “kyk” is nie dieselfde as “raakgesien”

nie. Hierdie Hebreeuse wood *hineni* beteken om te *stop en mooi op te let.* Dit skep 'n stuk afwagting en vra vir 'n dieper kyk. Dan herhaal God Homself:

Ek het hulle verdrukking raakgesien. En dan die verrassing: *Gaan dan nou! Ek stuur jou...*
God kom wys hier nóg iets van Homself: *Sy raaksien, hoor, afkom, redding is klaarblyklik nie los van ons nie. Hy stuur vir Moses.*

Moses se reaksie vertel iets van sy geloofsblokkasie: *Wie is ek...*? Moordenaar, lafaard wat weghard-loop, bang hakkelaar...Op die vraag *wie is ek,* antwoord God met wie Hy is: *Ek is Wie Ek Is – baie groter as wat jy ooit kan dink,* en *Ek is immers by jou...*

Toepassing
Die ellendes in die wêreld raak nie minder nie – inteendeel ons uitdagings is elke dag groter. In ons moedeloosheid vra ons dikwels waar God in dit alles is. Het Hy ons dan vergeet?

Moses se verhaal dwing ons tot stillstand, om te stop en weer mooi op te let: God síén raak, Hy hét afgekom, Hy ís daar om ons te help. Ons moet weer teruggaan na die begin: *In die begin het God die mens geskep, as sy verteenwoordiger, beeld van God,* kompleet en sy eie asem in ons geblaas. Wanneer Hy vir Moses stuur is dit 'n herinnering daaraan, met die versekering dat hy nie alleen is nie: *Ek IS immers by jou.* Toe almal dit weer vergeet het, stuur hy vir Christus.

Die wêreld sal totaal anders lyk as elkeen van ons dít weer besef: Wanneer ek en jy as beelddraers van God opdaag in ellende, nood, hartseer en pyn IS God daar.

Om oor na te dink en saam te gesels
Lees Artikel 4 van die Belhar Belydenis en dink na oor hoe ek en jy vandag by mense kan opdaag sodat God gesien en gehoor sal word as die een wat by ons in ons nood is, *wat aanrol soos golwe...'n stroom van lewende water.*

Ons glo dat God Homself geopenbaar het as die Een wat geregtigheid en ware vrede onder mense wil bring; dat Hy in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy dié wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat vir Hom reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle

verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek; dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhou dat die kerk sal getuig en sal stry teen enige vorm van ongeregtigheid sodat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos ’n standhoudende stroom...